VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

18 April	**Dup du Plessis,** Jakkalstraat 189, ☎ 071 128 3227. Wyk A6
20 April	**Annatjie Coetzee,** Huis Eikelaan TB 509, ☎ 082 810 1946. Wyk C5. 88 jaar.
	Gert van Blerk, Beyers Naudelaan 38, ☎ 082 649 4385. Wyk B3. 81 jaar
21 April	**Elmienke Bisschoff,** Plot 165. Wyk E3. 2 jaar
	Carma van Niekerk, Fickhuis 1, ☎ 073 457 5323. Wyk A3
23 April	**Koos Nortjé,** Plaas Boshoek, ☎ 079 760 3602. Wyk E4
	Wihan van der Kooy, Drommedarisstraat 9. Wyk E4. 11 jaar
24 April	**Johan Kruger,** Mozartweg 1, ☎ 083 306 0224. Wyk A3
	Lappies Labuschagne, Huis Eikelaan S 30, ☎ 084 318 5949. Wyk C2
	Machiel Oosthuizen-van Tonder, Rivierstraat 22. Wyk A5. 4 jaar

VAN ONS DIAKONIE

Die spesiale kollektes in April 2021 gaan vir:

Sondag	4 April	Emeritaatsfonds
Sondag	11 April	Teologiese Studentekas
Sondag	18 April	**Die Kerkblad**
Sondag	25 April	GKSA Sustentasie

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 14 Sondag 18 April 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyke **C2** en **C3**: C2 **Pieter Glöy en** C3 **Chris van Ryssen.**
Diakens: **Wyke C2 Quintin Venter en C3 Benjamin Boersema.**

EREDIENSTE Oggend ds Faan Smit, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: Votum en Seëngroet. Lofpsalm: Psalm 149:1, 2.
Geloofsbelydenis. Wet: Psalm 25: 2, 5.
Gebed. Psalm 94: 9,10.
Skriflesing: Galasiërs 5:13 - 6: 5. Teksvers: Galasiërs 6:1.
TEMA: ***1. Die realiteit van 'n verbondslewe: Iemand kan val.***
2. Die troos van die verbond: as iemand val.
3. Die opdrag aan die verbondsgemeenskap: wanneer iemand val.
Preek. Doopsformulier
Ná bediening van die doop: Psalm 105: 5
Formuliergebed. Slotsang: Psalm 118: 3, 4, 10.

AAND: Teks: Lukas 18: 35 - 19: 10.
Fokusvers: Lukas 19:1 - 10.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 33.
TEMA: ***In gemeenskap met Christus sterwe ons — maar ons staan ook op.***
Sing: Psalm 19:1, 2, 4; Psalm 19:6, 7; Skrifberyming 44 (15-8):3, 4

WELKOM
Ons verwelkom graag vanoggend **ds. Faan Smit** en ander familie en vriende van **Johan en René Viljoen** in ons midde met die doop van **Stephanus.** Ds. Faan sal ons vanoggend in die Woordbediening voorgaan en ook die sakrament van die doop bedien.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Die Kerkblad** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

LIEF EN LEED

Bennie du Plessis is die afgelope week weer in die hospitaal opgeneem. Ons dink steeds aan hom en **Wymie** in ons gebede.

Ons bly voorbidding doen vir **Magda Viljoen** en **Japie van Jaarsveld** en wat nog chemoterapiebehandeling ondergaan. Mag die Here aan u die krag gee om te volhard en die behandeling wat u ontvang ryklik seën tot eer van sy Naam en vir u tot lewenskwaliteit.



Fanie Coetzee is in die hospitaal opgeneem na 'n ernstige epileptiese aanval en is Donderdagoggend ontslaan. Ons dra hom en sy moeder **Annie Coetzee** 082 300 7794 en hulle dierbares aan die troue sorg van ons hemelse Vader op. **Annie** het ook die afgelope week nie goeie gesondheid geniet nie, en ontvang tans behandeling.

Henna Labuschagne 084 260 6193 ondergaan DV volgende week 'n lensvervanging en die week daarna 'n tweede een in die ooginstituut in Pretoria. Ons bede is dat die Here die operasies ryklik sal seën en dat haar sig ten volle sal herstel.

Ons doen nog steeds voorbidding vir **Marietjie Potgieter** 082 347 4407 se suster wat in Tsumeb in intensiewe sorgbehandeling is nadat sy positief getoets het vir Covid-19.

Wille van der Walt het die afgelope tyd 'n paar keer flou geword en geval. Sy het veral haar een been baie seergemaak maar gelukkig niks gebreek nie. Ons dink aan haar en Gert in ons gebede. Mag daar beterskap kom en die mediese ondersoeke ook die regte diagnose oplewer.

Ons is saam met **Corrie van der Berg** 083 279 5611 en haar kinders bly en dankbaar teenoor ons troue Verbondsgod vir die geboorte van 'n agterklein-dogtertjie. Mag die Here in sy Verbondsgenade aan hulle veel vreugde gee. Corrie het ook so mooi herstel dat sy kon terugkeer na haar woonstel, waarvoor ons die Here dank.

DAGBOEK

Katkisasie lesrooster

	Sondag 18 April 2021	Sondag 9 Mei 2021
Lesrooster: Psalmvers:	Les 5 Psalm 8:1	Les 6 Psalm 8:1
Katkisasie toesig:	Ouderling Wyk C2: Graad 7 Ouderling Wyk C3: Graad 11	Ouderling Wyk E1 : Graad 0 Ouderling Wyk E2 : Graad 1 & 2
Woensdag 21 April	14:30 2021 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 5
Woensdag 21 April	15:30 Hoërskoolkatkisasie	Les 5 Openbaringsgeskiedenis en Dordtse Leerreëls
Donderdag 22 April	15:00 2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 35

AFKONDIGINGS

Die finansiële kommissie vergader Woensdag 21 April om 18:00

Afkondiging – kommissie Christelike onderwys

Die Kommissie vir Christelike Onderwys van ons gemeente is besig met 'n projek om skoolboeke wat in ons plaaslike skole gebruik word, deur te werk. Die gedagte is om nie-Christelike inhoud op te spoor sodat dit aan ouers uitgewys kan word en leiding gegee kan word oor hoe om die nadelige invloed daarvan op ons verbondskinders teen te werk. Ouers en ander lidmate word uitgenooi om deel te hê aan hierdie projek en te help om die boeke deur te werk. Lidmate wat bereid is om te help, word versoek om asseblief met die voorsitter, ouderling Kobus Mentz te skakel 083 785 5053.

Kennisgewing van vergadering van kerkraad met diakens

Die kerkraad vergader saam met die diakens **vanaand, Sondag 18 April, ná die aanderediens.** Alle sake vir die agenda moet Maandag 12 April skriftelik by die skriba ingedien word sodat daar behoorlik vir die vergadering voorberei kan word. Broers wat nie die vergadering kan bywoon nie, moet skriftelik met opgaaf van wettige redes by die skriba verskoning aanteken.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

VAN ONS DIAKONIE

Geleentheid vir dienswerk in die gemeente

Kragtens ons lidmaatskap van die kerk van Christus, lê daar op elke lidmaat die verpligting om hulle gawes gewillig en met vreugde tot die nut en saligheid van medebroers en –susters aan te wend. Tydens die vergadering van die diakens Sondagaand, is twee geleenthede identifiseer waar lidmate (onder andere) só mekaar kan dien:

Bussiediens

Die diakonie is op soek na die hulp van lidmate wat bereid is om op ’n Sondagoggend te help met die bestuur van die bussie wat ons lidmate na en van die eredienste vervoer. Indien u bereid is om hiermee behulpsaam te wees, kontak asb vir diaken **Banie Nortjé** 072 874 0351.

Hulp met ontvangs van lidmate, aantekenregister en sanitering

Indien u die diakens en **Malie** behulpsaam wil wees met die saamstel van die aantekenregister, die voltooiing daarvan voor ’n erediens en die sanitering van lidmate se hande, is u welkom om diaken **Johan Viljoen** 064 684 4606 in hierdie verband te kontak.

Hamburgerbraai

Ons kan mekaar ook dien deur by die hamburgerbraai ons hulp aan te bied. Dit kan wees met die voorbereidings, hulp met die opdien van die burgers of die braai daarvan. Bied asb u hulp by enige van die diakens aan.

In die lig van die skoolvakansie het die Diakonie besluit om die Gemeente-aand en Hamburgerbraai een week te vervroeg en wel van 30 April na 23 April. Terselfdertyd gaan daar saam met die hamburgers ook pannekoek verkoop word @ R 5 per pannekoek. Marié Badenhorst versorg die pannekoek.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 23 April 2021

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
Pannekoek **R 5** **R 25** per hamburger.

BYBELSTUDIES:

Dinsdagmiddag om 15:00 by Huis Eikelaan olv prof. Callie.
Donderdagaand 18:30, aanlyn.
Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267.

TEESKINK NA DIE EREDIENS.

In die lig daarvan dat die gemeenskap van gelowiges die taak van die diakens is het die diakens Sondagaand besluit dat daar weer bediening van tee/koffie sal wees (met die nodige protokol wat nog steeds gevolg word). Hulle sal die praktiese aspekte daarvan hanteer. Die diakens wil graag Sondag 9 Mei daarmee begin.

1. Soos u weet was die maksimum persone wat ’n “religious meeting” kon bywoon 100, en toe is dit net voor die paasnaweek opgestoot na 250 binnenshuis, 500 buitenshuis.

Uit ’n hele paar kerke het daar navraag gekom of hierdie “toegewing” nog geldig is.

Die antwoord is “JA”. President Ramaphosa het wel in sy toespraak gesê dat die verhoging na 250 met die oog op die paasfees is, maar daar is nie in die regulasies ’n “vervaldatum” vir die 250 bygevoeg nie. Die president het by die aankondiging bygevoeg dat die situasie voor 15 April heroorweeg sal word aan die hand van twee kriteria.:

1. In hoe mate mense gehoor gegee het aan die maatreëls en protokol wat in plek gestel is.
2. Hoe die virusgetalle daar uitsien.

Die “voor 15 April” aankondiging is nog nie gedoen nie, maar by verstek bly die getal op 250.

2. **Onthou dat teedrink na die erediens wel toelaatbaar is. Dit word gesien as ‘n “social gathering”, waar die normale reëls oor afstand en maskers geld.**

3. Die tradisionele saamkuier by die kerk na ‘n begrafnisdiens (die president noem dit die “after tears party”) is egter verbode en die hele begrafnisgebeure, van die diens tot na die graf, mag nie twee ure oorskrei nie.

4. Daar is nog steeds navrae oor sing of nie tydens eredienste. Die verbod is al by die eerste fase 3 regulasies nie weer ingesluit nie.

Broedergroete ***Ds. Cassie Aucamp Gereformeerde Kerk Andeon***
anberg@absamail.co.za 082-377 1112

VERSLAG VAN DIE DIAKONIE.

Die Diakonie het op sy vergadering Sondagaand uit die kassier se verslag gehoor dat daar nog heelwat hulp in ons gemeente gegee word. Hoewel die vergaderings van diakens soos met die kerkraad nie gehou kan word weens die Covit 19 regulasies, was die dagbestuur van die diakonie elke week met mekaar kontak en is hulle op hoogte gehou van die finansiële toestand van die diakonie.

Ons kan met groot dankbaarheid meld dat die finansies gesond is. Die lidmate se ondersteuning was baie goed en daar was geen oomblik wat daar geen geld beskikbaar was om te help nie.

Maart se inkomste was R 33 570 en ons uitgawes was R 33 724.

Ons balans einde van Maart was R 40 210.

Ons as gemeente het baie rede tot dankbaarheid dat die Here ook op hierdie manier ryklik voorsien in die behoeftes van ons gemeente.

Neem asb kennis dat daar elke Sondag om 15:30 'n erediens by Huis Eikelaan is. Die volgende diens wat deur 'n gereformeerde predikant gelei word is Sondag 25 April 2021.

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger



Huis Eikelaan SB 10,tel 082 699 6591, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 23 April 2021

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
Pannekoek **R 5** **R 25** per hamburger.

Bekendstelling van Die Kerkblad

In opvolging van die onlangse skrywe van die Redaksie van *Die Kerkblad* rakende die situasie van ons blad, neem ons die vrymoedigheid om aan u die aangehegde "Bekendstelling" te stuur, wat u moontlik met vrug kan gebruik om *Die Kerkblad* nog beter in u gemeente bekend te stel en te bemark.

Soos ons in ons vorige skrywe gemeld het, ontvang ons steeds graag die naam van 'n skakelpersoon/bemarker in u gemeente, met wie ons op 'n gereelde basis kan skakel. Stuur asseblief ook die lidmaat se kontakbesonderhede saam.



Verder noem ons graag dat ons oor 'n aantal kopieë van vorige uitgawes beskik, wat ons aan u kan stuur met die oog op bekend-stelling aan lidmate wat nie ingeteken is nie. Laat weet asseblief as ons vir u kopieë moet stuur en ook die aantal wat u benodig.

Nogmaals dankie dat ons ook weer kan vra vir u voortdurende voorbidding vir *Die Kerkblad* en ons ander tydskrifte.

Ons bid u as gemeente die ryke seën van ons troue Verbondsgod toe.

Hartlike groete in Christus,

Prof Callie Coetzee (Redakteur